



## MEGANIESE SNOEI VAN WYNDRUIWE

### 5. EFFEK OP WATERVERBRUIK, BEMESTING EN VOLHOUBAARHEID

Meganiese snoei gee normaalweg aanleiding tot hoër produksie per hektaar. Om volhoubaar te wees sal daar dus daarvoor voorsiening gemaak moet word, veral met bemesting en besproeiing. Indien meganiese snoei vir nuwe wingerde beplan word, kan geen foute met grondvoorbereiding en onderstokkeuse bekostig word nie. Dit is uiterst belangrik dat die besmoontlike gebufferde wortelstelsels gevlest moet word omdat die bogrondse toename in groei en drag baie groter eise aan wortels stel as normale, konvensionele wingerde.

#### 5.1 Bemesting:

- Die voedingsnorme wat op Nietvoorbij (nou LNR-Infruitec/Nietvoorbij) ontwikkel is, toon dat vir elke ton druwe wat geoes word daar 4 kg suwer N, 0,7 kg suwer P en 3 kg suwer K verwys word. Dus, indien 'n produksie van bv. 20 t/ha behaal word, moet die bemesting 80 kg suwer N, 14 kg suwer P en 60 kg suwer K per hektaar wees. Die beginsel is om seisoenaal terug te sit wat tydens die seisoen deur die groei en produksie uit die grond onttrek is. Normaalweg word hierdie hoeveelhede in drie paaimeente toegedien: 50 % na oes, 25 % by bot en 25 % by ertjiekorrelgrootte, maar dit hang af van die grondtipe en besproeiingspraktyk. Met swak groeikrag wat dikwels met verloop van tyd by meganiese snoei intree, kan daar ook deur die groeiseisoen van koppbemesting gebruik gemaak word. Vloeibare kunsmis wat deur die besproeiingstelsel toegedien word, kan ook gebruik word.

#### 5.2 Besproeiing:

- Soortgelyk is dit nodig om met die groter oeslading by meganiese snoei ook meer water toe te dien. Navorsing by Nietvoorbij toon duidelik dat meer water deur meganiesgesnoeide wingerde benodig word.
- In geval van meganiesgesnoeide wingerde is dit noodsaaklik om grond- en plantwaterinhoud sorgvuldig te moniteer om te verseker dat waterstremming d.m.v. sorgvuldige besproeiingskedisjulering doeltreffend die hoof gebied kan word. Enige van die beskikbare metingsmetodes kan gebruik word, met die voorbehoud dat die resultate korrek interpreteer en besproeiingskedisjules daarvolgens geïmplementeer word.

#### 5.3 Volhoubaarheid:

- Weens die hoër drag en meer snoeiwonde wat gemaak word, is dit te wagte dat die leeftyd van sodanige wingerde verkort kan word. Met die opbou van draers en die verdigting weens oorskaduwing aan die binnekant is daar baie droë hout wat deur die oesmasjien afgeskud word.

- Om opbou van draers te voorkom moet vernuwingsnoei gereeld op 'n driejaar-basis toegepas word: Jaar een: Snoei terug aan die eenkant van die kordon. Jaar twee: Snoei terug aan die anderkant van die kordon. Jaar drie: Snoei terug aan die bokant van die kordon. Dan word dit roteer. Hierdie benadering is belangrik om permanente houtverdigting te verhoed sodat skade aan oes- en keldertoerusting tot 'n minimum beperk kan word. Sorg moet gedra word dat permanente houtkerse nie opbou nie.
- Met meganiese snoei is snoeiwondbeskerming kardinaal belangrik. Wondbedekking direk na snoei moet aangewend word. Trichoderma is bewese as 'n wondbedekking wat *Eutypa lata* (Tandpyn) houtverrottingswam voldoende inhibeer. Dit sal ideal wees as daar 'n sputtapparaat wat die wondbedekkingsmiddel kan toedien aan die trekker gekoppel kan word waarop die snoei-apparaat gemonteer is. Die apparaat kan dan die wonde direk ná die meganiese snoei-aksie in een aksie bedek. Daar is deesdae heelwat tegnologie wat vanaf 12 V sisteme by motorfietse werk wat gebruik kan word om sodanige apparaat daar te stel.
- Andersins kan daar met 'n motorfiets of rugsakspuit direk na die snoei-aksie die Trichoderma toegedien word. Dit lei egter tot ekstra kostes wat vermy moet word.
- Daar is ook verskeie ander wondbedekkingspreparate met of sonder swamddoders daarin wat met die hand aangewend kan word.
- 'n Baie belangrike aspek is dat daar nie tydens reën gesnoei moet word nie.
- Hoe vinniger die wonde na snoei bedek kan word – verkieslik op dieselfde dag – hoe beter is dit in die praktyk.

#### **5.4 Slotsom:**

- Meganiesgesnoeide wingerde benodig meer bemesting, meer besproeiing en voldoende wondbedekking om oor die langtermyn volhoubaar te wees.
- Met bogenoemde benadering het meganiesgesnoeide wingerde in die buiteland gemaklik 25 oeste gelewer.